

Skriflesing: Openbaring 13:16-14:5

Tema: Ons is almal gemerk.

Openbaring 13 gaan oor die verskyning van die Antichris of eerder Antichristelike magte. Hierdie anti- of teenchristelike magte het oor al die eeue bestaan en hul aanslag gaan net feller raak.

Ons lees in Openbaring 13:16-17 van een van die Antichristelike magte wat mense verplig om sy merk op die voorkop en op die regterhand te dra. Klein en groot, ryk en arm, vryes en slawe, met ander woorde alle mense, word gedwing om die merk te dra.

Gelowiges, wat weier om die merk te dra, sal ekonomies verontreg word. Hulle sal nie toegelaat word om handel te dryf, om te koop en te verkoop nie. Hulle sal vervolgt en doodgemaak word, soos reeds met gelowiges in die tyd van Openbaring gebeur het.

Die merk van 'n mens was nie vreemd in hierdie tyd nie. Slawe het dikwels van hulle eienaar 'n merk ontvang. 'n Merk was die teken daarvan dat jy iemand se eiendom is, jy behoort aan jou eienaar of 'n heerser. Iemand wat lojaal is aan die Antichris, stem in tot sy merk en dra sy merk as teken dat hy of sy aan hom behoort.

Die merk waarna Johannes verwys, moet soos die res van Openbaring, simbolies verstaan word. Die merk is nie 'n fisiese of sigbare merk nie. Dit is nie entstof, 'n mikroskopiese of die strepieskode op 'n margarien bakkie nie.

Die merk op die regterhand simboliseer die aantasting van die mens se werkvermoë. En die merk op die voorkop dui op die mens se denkvermoë.

Die simboliese merk van die aanhangers van die Antichris is 666. Daar is verskillende maniere waarop dit verklaar kan word.

7 is die Goddelik volmaakte getal. 666 kom nooit by hierdie volmaakte getal uit nie.

Die Jode en die Grieke van die tyd het 'n speletjie gehad wat hul gematria genoem het. Dit het daaruit bestaan dat elke letter van die alfabet uitgedruk word met die getalwaarde wat daarmee ooreenstem. Die somtotaal daarvan was dan 'n geheime manier om iemand se naam mee uit te druk. In Afrikaans sou ons byvoorbeeld kon sê: a=1, b=2, c=3, d=4, ens. Elke woord kon met 'n getal uitgedruk word. Die naam "Koos" sal 'n getalwaarde van 60 hê en MG die waarde van 20.

Ons lees in Openbaring 13:18 dat die getal 666 'n mens se getal is. Deur die eeue is dit só ontleed dat dit op verskillende wêreldleiers kon dui. Die woorde "keiser Nero" (getalwaarde in Afrikaans is 119) in Hebreeus bring ons by die getal 666.

Vir eerste lesers van die Openbaring boek het die getal 666 dus direk op keiser Nero, wat hulle tot die dood vervolgt het, gedui.

Die bedoeling met die getal 666 is om die gelowiges te waarsku teen die Antichris, of teen-Christelike wêreldse magte onder leiding van die duiwel en sy bose magte wat net groter en sterker word soos wat die oordeelsdag naderkom. Hulle aanslag teen die kerk van Christus sal net feller word, soveel so dat soms gaan lyk of dié magte in beheer is. Maar ek praat te veel van die merk van die dier. Die fout wat ons maak is dat baie van ons net Openbaring 13:16-18 lees en niks verder nie. Ons moet minder tyd aan die bose spandeer en meer op Christus fokus.

As kinders van die Here is ons ook gemerk met 'n baie belangriker en wonderliker merk.

In Openbaring 14:1-5 kry Johannes 'n gesig van die Lam, Christus op die Sionsberg, wat omring deur die groot skare vrygekooptes met die Naam van die Vader en die Seun op hulle voorkoppe geskryf, skoon sy asem wegslaan. In die aangesig van vervolging gee hierdie verse die versekering van oorwinning vir die gelowiges en oordeel van die goddeloses. Die getal 144 000 dui op die volle volmaakte getal van diegene wat aan God en die Lam, Jesus Christus, behoort.

Ons lees in Openbaring 14:1 dat op die voorkoppe van die triomferende skare is hulle as God se eiendom gemerk. Ons voorkoppe is simbolies van ons denkvermoë. Daarom word ons in Romeine 12:2 opgeroep: “²Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.” Ons moet God toelaat om ons denkvermoë te verander sodat ons dit wat vir Hom belangrik is, kan weet en kan doen. Ek gaan afsluit met hoe mense met die Christusmerk leef.

Die merk van God op sy kinders, loop soos goue draad deur die Bybel.

In Eksodus 13:9 sê Here dat pasga, die fees van bevryding uit Egipte, soos merkteken op die Israëliete se voorkoppe en hande moet wees. In Eksodus 13:16 lees ons weer van 'n merk op sy kinders.

In Deuteronomium 6 en 11 word die wet van God soos merkteken aan gelowiges se hande vasgebind en dit moet 'n merk op hulle voorkoppe wees.

Vlgs Esegïel 9:4 word almal wat getrou bly aan Here, elkeen wat sug en kla oor die afskuwelike dinge wat in Jerusalem gebeur, op hulle voorkoppe gemerk.

In Efesiërs 1 en 4 en 2 Korintiërs 1 lees ons van God en die Heilige Gees wat ons as eiendom van God beseel of merk.

In Openbaring 7 lees ons van 'n engel wat kom met die seel van die lewende God en hard uitroep: “Ons moet eers die dienaars van God op hulle voorkoppe merk met die seël.”

Ons doop is ook 'n merkteken van God waardeur Hy Hom verbind om ons God te wees en ook die God van ons nageslag.

Ons as gelowiges dra die merk van die Vader en van die Seun en dit laat ons moed skep want die merk getuig van ons eienaarskap, dit gee ons sekerheid in onseker tye soos hierdie en dit is ook 'n merk van ons volle afhanklikheid van die Here.

Christus verskyn as die Lam saam met die jubelende skare. Ons toekoms is beveilig en seker deur die offer van die Lam en deur sy opstanding. Voor sy troon sing kinders van die Here 'n nuwe lied, 'n oorwinningslied. Ons sing want as gelowiges is ons losgekoop deur die bloed van die Lam. Die lied bevestig dit wat God reeds vir ons gedoen het. Hy het ons gekies en losgekoop omdat Hy ons liefhet!

Ek bevestig net weer dat ons merkteken nie 'n tattoo of brandmerk of entstof is nie. Dit is simbolies van God se eienaarskap oor ons lewens. Dit dui op die Heilige Gees wat ons lewens, ons denke en daade rig en lei.

Daarom dra ons nie net 'n simboliese teken nie, ons lewens wys dat ons gemerk is. Die merk op ons regterhard dui op ons manier van lewe.

Ons is die bruid van Christus, daarom hou ons ons nie op met owerspel, ontug en onsedelikheid nie.

Ons as sy kerk raak nie betrokke in verhoudings met die wat die merk van die dier dra nie. Ons volg die Lam waar Hy gaan. Ons loop waar Jesus sal loop. Ons sê net dit wat Jesus sal sê.

In uitdagende tye soos hierdie waarin ons geloof tot uiterste beproef word, doen ons net dit wat Jesus sal doen. Wat Jesus ookal sê, bepaal ons lewe, selfs al is dit onpopulêr en stroomop. Al is dit gevaarlik, ons volg vir Jesus tot die dood toe!

Uit die mond van gelowiges kom daar nooit 'n leuen nie. Ons steur ons nie aan die onheilige en onware aansprake van die Antichris nie. Ons glo nie elke Watsapp of facebook inskrywing wat ons sien nie en stuur ook nie die leuens aan nie.

Ons wat merk van Christus dra, lewe onberispik. Ons lewe in die lig soos Jesus in die lig is. Niemand kan niks teen ons inbring nie.

Ons gaan 'n stuk swaarkry op aarde ervaar omdat ons nie toelaat dat sonde en die bose ons lewens beheer nie en omdat ons voor niks of niemand buig as die Here ons God nie. Kom ons wees trots op hierdie swaarkry tot sy eer. Komons hou aan om Sy lig in die donker van die wêreld en ons land te laat skyn.

En terwyl ons swaarkry, sien ons reeds uit na Sy onbeskryflike oorwinningsfees wat vir ons wag.

Amen